



Die Suid-Afrikaanse Padpassasiersbedingingsraad

(“SARPAC”)

PAIA-HANDLEIDING (DEEL A)

&

POPIA- & PRIVAATHEIDSBELEID (DEEL B)

INHOUDSOPGAWE

1.	LYS VAN DEFINISIES, AKRONIEME EN AFKORTINGS	3
2.	INLEIDING	3
3.	SARPBAC SE PROFIEL	4
4.	BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING	5
	<i>a) Inligtingsbeampte</i>	5
	<i>b) SARPBAC se kontakbesonderhede</i>	5
5.	DIE MENSEREGTEKOMMISSIE SE GIDS TOT PAIA	6
6.	VERSOEK OM INLIGTING INGEVOLGE PAIA	6
7.	BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR	8
8.	SUBJEKTE EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR SARPBAC GEHOU WORD MET BETREKKING TOT DATASUBJEKTE	8
9.	OUTOMATIESE BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS	10
10.	DIENSTE VAN SARPBAC BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY	11
11.	OPENBARE BETROKKENHEID IN VERBAND MET SARPBAC	11
12.	WETGEWING WAARONDER REKORDS GEHOU WORD	11

DEEL A – PAIA-HANDLEIDING

1. LYS VAN DEFINISIES, AKRONIEME EN AFKORTINGS

- | | | |
|----|-----------------------------------|---|
| 1. | "Bedryf" | Padpassasiersvervoerbedryf soos gedefinieer in SARPBAC se bestek; |
| 2. | "WAV" | Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995; |
| 3. | "PAIA" | Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, Wet 2 van 2000; |
| 4. | "POPIA" | Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013; |
| 5. | "Regulasie"/"voorgeskrewe" | GNR.757 van 27 Augustus 2021: Regulasies in verband met die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2021 (Staatskoerant nr. 45057); of

GNR.1383 van 14 Desember 2018: Regulasies in verband met die Beskerming van Persoonlike Inligting (Staatskoerant nr. 42110); (soos die geval mag wees) |
| 6. | "Reguleerder" | Die Inligtingsreguleerder; |
| 7. | "SAMRK" | Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie; en |
| 8. | "SARPBAC" | Die Suid-Afrikaanse Padpassasiersbedingingsraad; |

2. INLEIDING

1. Hierdie handleiding is saamgestel in ooreenstemming met artikels 14 en 51 van PAIA om aan die vereistes van POPIA te voldoen.
2. PAIA gee uitvoering aan artikel 32 van die Grondwet, wat bepaal dat almal die reg tot toegang tot inligting het, en dit moet saam met POPIA gelees word, wat uitvoering gee aan die reg tot privaatheid en wat die reg tot beskerming teen die onwettige verwerking van persoonlike inligting insluit. PAIA beoog om die belang van toegang tot inligting in 'n demokratiese samelewing te benadruk deur *onder andere* te vereis dat openbare en private liggame 'n handleiding saamstel wat die soort rekords wat hulle hou, beskryf, asook prosedures vir ander om toegang tot daardie inligting te verkry. PAIA bepaal ook sekere beperkings op die soorte inligting waartoe daar onder verskillende omstandighede toegang verkry mag word.
3. SARPBAC kan in een opsig as 'n openbare liggaam beskou word en in 'n ander opsig as 'n private liggaam; dit hang daarvan af of die versoekte rekord verband hou met die

uitoefening van 'n bevoegdheid of vervulling van 'n funksie deur SARPAC as 'n openbare of private liggaam.¹

4. Hierdie handleiding word in Engels beskikbaar gemaak aan alle potensiële versoekers van inligting wat deur SARPAC gehou word, en die vertaalde weergawes in twee ander amptelike tale sal ook op versoek beskikbaar gemaak word. Versoekers kan die Inligtingsbeampte kontak vir bystand wanneer hulle rekords van SARPAC ingevolge hierdie handleiding versoek.
5. Hierdie handleiding sal, indien nodig, of op 'n jaarlikse bygewerk word. Hierdie handleiding kan verkry word vanaf SARPAC se webblad by www.sarpac.org.za.

3. SARPAC SE PROFIEL²

1. SARPAC is 'n bedingingsraad gestig ingevolge artikel 27 vvan die WAV.
2. SARPAC se bevoegdhede en funksies met betrekking tot sy geregistreerde bestek word in die WAV, sy Grondreëls en SARPAC se kollektiewe ooreenkomste uiteengesit en sluit in om geskilplossingfunksies uit te voer (in sekere gevalle onderhewig aan akkrediasie deur die KVBA), om sake te hanteer wat die belange beïnvloed van werkgewers en werknemers wat binne sy bestek val en om bedryfsvrede te handhaaf en te verbeter.
3. SARPAC se geregistreerde bestek word as volg gedefinieer: "Padpassasievervoerbedryf" of "Bedryf" verwys na die bedryf waarin werkgewers en hul werknemers geassosieer is vir die doel om teen vergoeding enige persoon te vervoer op enige openbare pad deur middel van 'n kragaangedrewe voertuig (behalwe 'n voertuig in die besit en onder beheer van Transnet) wat gemaak is om meer as 16 mense tegelyk te vervoer, wat die bestuurder van die voertuig en alle werksaamhede in verband daarmee insluit."
4. SARPAC se strukture is dié wat in sy Grondreëls uiteengesit is, maar sy hoofgesag is die Sentrale Komitee wat *onder andere* verantwoordelik daarvoor is om SARPAC se Grondreëls toe te pas, om subkomitees saam te roep, om personeel aan te stel, om beleidsake te hanteer, die daarstelling en handhawing van geskilplossingsprosesse soos bepaal in artikel 28(1)(d) van die WAV, gelees saam met artikel 51, asook enige ander funksie waarvan die besonderhede in SARPAC se Grondreëls verstrek word. Die Sentrale Komitee bestaan uit 10 verteenwoordigers wat deur die

¹ **Artikel 8 van PAIA:** "Gedeelte van toepassing wanneer funksies as openbare of private liggaam uitgevoer word.—(1) Vir die doeleindes van hierdie Wet, 'n openbare liggaam waarna daar verwys word in paragraaf (b) (ii) van die definisie van "openbare liggaam" in artikel 1, of 'n private liggaam—(a) kan óf 'n openbare liggaam óf 'n private liggaam wees met betrekking tot 'n rekord van daardie liggaam; en (b) mag in een opsig 'n openbare liggaam wees en 'n private liggaam in 'n ander opsig, afhangend daarvan of daardie rekord verband hou met die uitoefening van 'n bevoegdheid of die uitvoering van 'n funksie as 'n openbare of as 'n private liggaam. (2) 'n Versoek vir toegang tot 'n rekord wat gehou word vir die doel van of in verband met die uitoefening van 'n bevoegdheid of die uitvoering van 'n funksie— (a) as 'n openbare liggaam, moet gedoen word ingevolge artikel 11; of (b) as 'n private liggaam, moet gedoen word ingevolge artikel 50. (3) Die bepalings van Deel 1, 2, 4, 5, 6 en 7 is van toepassing op 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat verband hou met 'n bevoegdheid of 'n funksie wat uitgeoefen of uitgevoer is as 'n openbare liggaam. (4) Die bepalings van Deel 1, 3, 4, 5, 6 en 7 is van toepassing op 'n versoek om toegang tot 'n rekord wat verband hou met 'n bevoegdheid of funksie wat uitgeoefen of uitgevoer is as 'n private liggaam."

² Artikel 14(1)(a)(i) van PAIA.

Werkgewersorganisasie genomineer is en 10 verteenwoordigers wat genomineer is deur die Vakbonde wat party is tot SARPBAC.

4. BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE VIR TOEGANG TOT INLIGTING³

- Vir die doel van hierdie handleiding verwys die term "Inligtingsbeampte" na die statutêre inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam soos genoem in artikel 18 van PAIA en die hoof van 'n private liggaam soos genoem in artikel 53 van PAIA.⁴

a) Inligtingsbeampte

Inligtingsbeampte	Gary Wilson
SARPBAC se geregistreerde posadres	Posbus 13238, Mowbray, Kaapstad, Suid-Afrika, 7705
SARPBAC se geregistreerde straatadres	Grondverdieping, Stone House, Stonefountain Terrace, Klipfonteinweg 95, Rondebosch, Kaapstad, Suid-Afrika, 7700
Telefoonnommer	021 686 4281 / 081 417 9721
Faksnommer	021 685 8048
E-posadres	gary@sarpbac.org.za
Webblad	www.sarpbac.org.za

b) SARPBAC se kontakbesonderhede

SARPBAC se Hoofkantoor – Kaapstad	
Straatadres	Grondverdieping, Stone House, Stonefountain Terrace, Klipfonteinweg 95, Rondebosch, Kaapstad, Suid-Afrika, 7700
Posadres	Posbus 13238, Mowbray, Kaapstad, Suid-Afrika, 7705
Telefoonnommer	021 686 4281 / 081 417 9721
Faksnommer	0866 102 401 / 021 685 8048
SARPBAC se Gauteng-kantoor	
Straatadres	2de verdieping, Marlboro House 127 h/v Fox- en Eloff-straat, Johannesburg, Suid-Afrika
Telefoonnommer	011 331 7013
Faksnommer	011 331 6980

³ Artikel 14(1)(a)(ii) van PAIA; artikel 51(a)(i) van PAIA.

⁴ Artikel 53 van PAIA: "Vorm van versoek- (1) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord van 'n private liggaam moet gedoen word in die voorgeskrewe vorm aan die betrokke private liggaam by sy adres, faksnommer of elektroniese posadres." (2) Die vorm vir 'n aansoek om toegang wat voorgeskryf is vir die doel van onderafdeling (1) moet ten minste van die versoeker vereis om— (a) genoegsame besonderhede te verstrek om die hoof van 'n private liggaam in staat te stel om die volgende te identifiseer— (i) die rekord of rekords wat versoek word; en (ii) die versoeker; (b) aan te dui watter vorm van toegang benodig word; (c) 'n posadres of faksnommer van die versoeker in Suid-Afrika te spesifiseer; (d) die reg wat die versoeker wil uitoefen of beskerm, te identifiseer en om te verduidelik waarom die versoekte rekord nodig is vir die beskerming van daardie reg; (e) indien, bykomend tot skriftelike terugvoer, die versoeker ingelig wil word van die besluit op enige ander wyse, om daardie wyse te noem saam met die nodige besonderhede om so ingelig te word; en (f) indien die versoek namens 'n ander persoon gedoen word, om bewyse te lewer van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek doen, tot die redelike bevrediging van die hoof."

SARPBAC se Durban-kantoor	
Straatadres	2de verdieping, Spaces Umhlanga 2 Ncondo Place, Ridgeside, Umhlanga, Durban, Suid-Afrika
Telefoonnommer	031 830 5025

5. DIE MENSEREGTEKOMMISSIE SE GIDS TOT PAIA⁵

1. Die SAMRK-gids bevat inligting wat benodig kan word deur 'n persoon wat enige reg wat in PAIA beoog word, wil uitoefen, en dit kan vanaf die SAMRK se webblad verkry word:⁶

Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie: Eenheid vir die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA-eenheid) Afdeling vir Navorsing en Dokumentasie	
Webblad	http://www.sahrc.org.za/www.sahrc.org.co.za
E-posadres	PAIA@sahrc.org.za
Posadres	Privaat sak 2700, Houghton, 2041
Telefoonnommer	(+27) 011 877 3600
Faksnommer	(+27) 11 403 0625

2. Versoekers word na hierdie gids verwys wat inligting bevat met betrekking tot hoe 'n versoeker toegang kan verkry tot rekords wat deur SARPBAC gehou word ingevolge PAIA asook inligting vir die doel om Grondwetlike regte uit te oefen.

6. VERSOEK OM INLIGTING INGEVOLGE PAIA⁷

1. 'n Versoek om toegang tot rekords wat deur SARPBAC gehou word, moet gerig word aan die Inligtingsbeampte en moet gedoen word deur Vorm 2 van Aanhangel A by die Regulasies in verband met PAIA in te vul,⁸ en teen betaling van die voorgeskrewe tariewe.
2. Om die verwerking van u versoek te vergemaklik, moet u genoegsame besonderhede verstrek om SARPBAC in staat te stel om dit te behartig. Indien 'n versoek namens 'n ander persoon gemaak word, moet die versoeker redelike bewyse indien van die hoedanigheid waarin die versoeker die versoek doen. 'n Versoeker wat toegang wil verkry tot 'n rekord wat persoonlike inligting oor daardie versoeker bevat, word nie vereis

⁵ Artikel 14(1)(b)(i) van PAIA; artikel 51(1)(b)(i) van PAIA.

⁶ Bygewerk: Maart 2022

⁷ Artikel 14(1)(b)(ii) van PAIA; artikel 51(1)(b)(iv) van PAIA.

⁸Regulasie 7 van die Regulasies in verband met PAIA: "Versoek om toegang tot inligting.—(1) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord beoog in artikel 18 (1) of 53 (1) van die Wet moet gemaak word aan die inligtingsbeampte op 'n vorm wat wesenlik ooreenstem met Vorm 2 van Aanhangel A by die Regulasies.(2) Die inligtingsbeampte moet—(a) 'n versoeker bystaan met enige versoek in verband met 'n versoek om toegang tot inligting; en (b) indien 'n versoek om toegang tot 'n rekord mondelings gemaak word as gevolg van die ongeletterheid of gestremdheid van 'n versoeker, Vorm 2 van Aanhangel A by die Regulasies namens die versoeker voltooi en 'n kopie daarvan aan die versoeker voorsien, soos beoog in artikel 18 (3) van die Wet. (3) Die versoekingsfooi betaalbaar deur elke versoeker waarna daar verwys word in artikel 22 (1) of 54 (1) van die Wet word voorgeskryf in item 1 van Aanhangel B by die Regulasies."

Artikel 18(1) van PAIA: "Vorm van versoek.—(1) 'n Versoek om toegang moet gedoen word in die voorgeskrewe vorm aan die inligtingsbeampte van die betrokke openbare liggaam by sy of haar adres of faksnommer of elektroniese posadres."

Artikel 53(1) van PAIA: "Vorm van versoek.—(1) 'n Versoek om toegang tot 'n rekord van 'n private liggaam moet gedoen word in die voorgeskrewe vorm aan die betrokke private liggaam by sy adres, faksnommer of elektroniese posadres."

om die versoekfooi te betaal nie. Elke ander versoeker moet die vereisde versoekfooi betaal (soos van tyd tot tyd gewysig mag word).⁹

3. Die volgende is van toepassing op versoeke, buiten persoonlike versoeke:
 - 3.1. 'n Versoeker word vereis om die voorgeskrewe versoekfooi van R100,00 aan SARPBAC in sy hoedanigheid as 'n openbare liggaam te betaal, of R140,00 aan SARPBAC in sy hoedanigheid as 'n private liggaam, voordat 'n versoek verwerk sal word; en
 - 3.2. Rekords kan teruggehou word totdat die fooie ten volle betaal is.
4. Die volgende fooie is betaalbaar vir spesifieke versoeke:¹⁰

	Fooi vir private liggaam	Fooi vir 'n openbare liggaam
Versoekfooi	R140,00	R100,00
Gedrukte kopie van 'n A4-grootte bladsy	R2,00 per bladsy of per gedeelte daarvan	R1,50 per bladsy of per gedeelte daarvan
Fotokopie van 'n A4-grootte bladsy	R2,00 per bladsy of per gedeelte daarvan	R1,50 per bladsy of per gedeelte daarvan
Vir 'n kopie in 'n rekenaarleesbare vorm op:		
(i) 'n geheuestokkie (moet deur die versoeker voorsien word)	R40,00	R40,00
(ii) Kompakte skyf:	R40,00	R40,00
• Indien deur die versoeker voorsien	R60,00	R60,00
• Indien aan die versoeker voorsien		
Transkripsie van beelde per A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	Dienste sal uitgekontraakteer word. Sal afhang van 'n kwotasie deur die diensverskaffer.	
Kopie van beelde		
Transkripsie van 'n klankrekord per A4-grootte bladsy of 'n gedeelte daarvan	R24,00	R24,00
Kopie van 'n klankrekord op:		
(i) 'n Geheuestokkie (moet deur die versoeker voorsien word)	R40,00	R40,00
(ii) Kompakte skyf:	R40,00	R40,00
• Indien deur die versoeker voorsien	R60,00	R60,00
• Indien aan die versoeker voorsien		

⁹ **Artikel 22(1) of PAIA:** "Fooie: (1) Die inligtingsbeampte van 'n openbare liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig is, moet deur kennisgewing van die versoeker, waar die versoeker nie 'n persoonlike versoeker is nie, vereis dat die versoeker die voorgeskrewe versoekfooi (indien enige) betaal voordat die versoek verder verwerk word."

Artikel 54(1) van PAIA: "Fooie: (1) Die hoof van 'n private liggaam aan wie 'n versoek om toegang gerig is, moet deur kennisgewing van 'n versoeker, waar die versoeker nie 'n persoonlike versoeker is nie, vereis dat die versoeker die voorgeskrewe versoekfooi (indien enige) betaal voordat die versoek verder verwerk word."

¹⁰ Bygewerk: Maart 2022

Om te soek vir die rekord en om die rekord vir openbaarmaking voor te berei, vir elke uur of deel van sodanige uur, behalwe die eerste uur, wat redelikerwys nodig is vir sodanige soektog en voorbereiding. Om nie 'n totale koste te oorskry nie van:	R145,00 R435,00	R100,00 R300,00
Deposito: Indien 'n soektog meer as 6 uur duur	Eenderde van die bedrag per versoek bereken in terme van items 2 tot 8.	
Pos, e-pos of enige ander elektroniese oordrag	Werklike koste, indien enige.	

3. Die volle kostestruktuur is ook beskikbaar op die webwerf van die SAMRK by www.sahrc.org.za. Die jongste kostestruktuur volgens wetgewing sal te alle tye van toepassing wees.

7. BESKRYWING VAN ALLE REGSMIDDELE BESKIKBAAR¹¹

'n Klaer kan, waar van toepassing, stappe neem soos bepaal in artikels 74 tot 82 van PAIA ten opsigte van optrede of versuim om op te tree ingevolge PAIA. Indien 'n datasubjek van mening is dat inligting hanteer is in teenstelling met PAIA, moet die datasubjek eers SARPBAC nader om hom die geleentheid te gun om probleme te hanteer en op te los, waar van toepassing.

8. SUBJEKTE EN KATEGORIEË VAN REKORDS WAT DEUR SARPBAC GEHOU WORD¹² MET BETREKKING TOT DATASUBJEKTE¹³

- Die rekords wat deur SARPBAC gehou word met betrekking tot datasubjekte sluit die volgende in en moet formeel versoek word deur die versoekprosedure soos vervat in PAIA te gebruik.
- Dit word op rekord geplaas dat alle rekords wat nie op SARPBAC se webblad verskyn nie, slegs beskikbaar gemaak sal word aan 'n versoeker onderhewig aan die bepalings van PAIA en POPIA. Hierdie dokumente mag te enige tyd gewysig of bygewerk word.

Subjekte waarvoor SARPBAC rekords hou	Kategorieë van rekords oor elke subjek gehou met betrekking tot datasubjekte
Registrasieprosesrekords	<ul style="list-style-type: none"> Met betrekking tot SARPBAC en soos andersins verskaf is aan SARPBAC deur werkgewers en werknemers wat binne SARPBAC se geregistreerde bestek val. Sekere Paneellede is ook by SARPBAC geregistreer.

¹¹ Artikel 14(1)(a)(iii) van PAIA.

¹² Artikel 14(1)(b)(ii) van PAIA; artikel 51(1)(b)(iv).

¹³ Artikel 14(1)(c)(ii) van PAIA; artikel 51(1)(c)(ii) van PAIA.

SARPBAC se administrasierekords	<ul style="list-style-type: none"> • Insluitende rekords in verband met die Sentrale Komitee en ander komitees • Dokumente in verband met diensverskaffers
Geskiloplossingsdokumente en ander aansoeke aan SARPBAC	<ul style="list-style-type: none"> • Alle dokumente wat ingedien en ontvang is as deel van geskille en aansoeke aan SARPBAC en geskille verwys deur SARPBAC. Inligting deur Paneellede aan SARPBAC ingedien, kan ingesluit wees.
Loononderhandelingsrekords	<ul style="list-style-type: none"> • Soos ingedien deur partye tot SARPBAC en Paneellede wat loononderhandelings hanteer
Dokumente wat by SARPBAC ingedien is deur werkgewers en werknemers wat binne SARPBAC se bestek val ter nakoming van SARPBAC se Grondreëls en ander kollektiewe ooreenkomste	<ul style="list-style-type: none"> • Bewys van nakoming van SARPBAC se Grondreëls en ander kollektiewe ooreenkomste
SARPBAC se Finansiëlebestuurrekords	<p>SARPBAC kan <i>onder andere</i> in besit wees van die volgende dokumente:</p> <ul style="list-style-type: none"> • SARPBAC se finansiële inligting • Boekhoudingsrekords • Jaarlikse finansiële state • Bankrekords • Sakekontrakte • Algemene korrespondensie • Fakture, kredietnotas, state, ens. • Huurkontrakte • Statutêre rekords • Belastingopgawes en SAID-korrespondensie • Notules van vergaderings van die Finansiële Komitee en verwante subkomitees
SARPBAC se Menslikehulpbronnebestuurrekords	<ul style="list-style-type: none"> • Dokumente in verband met die aanstelling en indiensneming van SARPBAC-werknemers
Kommunikasierekords	<ul style="list-style-type: none"> • Webbladinhoud • Ander kommunikasie deur SARPBAC gestuur en ontvang
Bestuursrekords	<ul style="list-style-type: none"> • Soos deur wetgewing of andersins vereis.

3. Alhoewel SARPBAC tot die beste van sy vermoë gepoog het om 'n lys van rekords wat die Fonds hou te voorsien, is dit moontlik dat hierdie lys nie volledig mag wees nie. Indien 'n versoeker van mening is dat 'n rekord bestaan, word die versoeker vereis om

dit aan die Inligtingsbeampte aan te dui, wat dan daardie versoek sal oorweeg en 'n assessering in verband daarmee sal maak.

4. Die bogenoemde tabel van subjekte/kategorieë van rekords impliseer nie dat 'n versoek om toegang tot daardie rekords toegestaan sal word nie, en dit skep nie die reg (kontraktueel of andersins) tot daardie rekords nie. Alle versoeke om toegang sal op hul eie meriete geëvalueer word in ooreenstemming met die bepalings van PAIA.

9. OUTOMATIESE BESKIKBAARHEID VAN SEKERE REKORDS

1. Die volgende rekords is outomaties beskikbaar op SARPBAC se webblad en in sekere gevalle by sy geregistreerde hoofkantoor gedurende normale kantoorure, indien deur kennisgewing versoek. Hierdie dokumente mag te eniger tyd deur SARPBAC gewysig of bygewerk word.

Kategorie	Soort dokument
SARPBAC Bestuur (Nakomings- en regulatiewe rekords)	<u>SARPBAC se Grondreëls</u> <ul style="list-style-type: none"> • Bylaag A tot SARPBAC se Grondreëls: Kollektiewe ooreenkomste • Bylaag B tot SARPBAC se Grondreëls: Geskiloplossing • Bylaag C tot SARPBAC se Grondreëls: Vrstellingsprosedure
	<u>Hoof- kollektiewe ooreenkoms</u> <ul style="list-style-type: none"> • Aanhangsel A: Posbenamings, grade, minimumtariewe per uur • Aanhangsel B: Geskiloplossing • Aanhangsel C: Vrstellingsprosedure • Aanhangsel D: Goedgekeurde studiekursusse
	Reëls vir Kommissarisse
	Rol van die Aangewese Agent
	Versoeningsverwysingsvorm
	Vorm vir die versoek van arbitrasie
	PAIA-/POPIA-handleiding
	Maatskappye wat nie aan SARPBAC se kollektiewe ooreenkoms voldoen nie
	Navorsingsverslag – Wêreldwye en plaaslike aanduiders en kwessies in verband met die Bediningsraad
	Presidentereg in verband met SARPBAC en ander arbeidsverwante sake
Algemene inligting in verband met SARPBAC	Nuusberigte en aankondigings van belang vir SARPBAC
	Organisasieprofiel – Mandaat, Bestek
	SARPBAC se kontakinligting
	Grafiese voorstelling van geskille-en-arbitrasie-statistiek
	Besonderhede van busmaatskappye wat deur SARPBAC verteenwoordig word
	Kontakinligting vir SARPBAC se Aftreefonds

<p style="text-align: center;">Inligting in verband met SARPBAC se Aftreefonds</p>	<p>Lede-inligtingspamflet vir SARPBAC se Aftreefonds</p>
---	--

10. DIENSTE VAN SARPBAC BESKIKBAAR AAN DIE PUBLIEK EN HOE OM TOEGANG TOT DAARDIE DIENSTE TE VERKRY¹⁴

1. Die dienste wat SARPBAC bied, is dié wat in die WAV, sy Grondreëls en kollektiewe ooreenkomste voorgeskryf is.
2. Hierdie dienste is hoofsaaklik beskikbaar aan persone wat binne sy geregistreerde bestek val.

11. OPENBARE BETROKKENHEID IN VERBAND MET SARPBAC¹⁵

Die uitoefening van SARPBAC se bevoegdhede en die vervulling van sy pligte asook die openbare betrokkenheid wat daarmee gepaardgaan, word deur die WAV, SARPBAC se Grondreëls en die tersaaklike kollektiewe ooreenkomste van SARPBAC geregleer.

12. WETGEWING WAARONDER REKORDS GEHOU WORD¹⁶

1. SARPBAC kan rekords hou in verband met *onder andere* die volgende wetgewing:
 - 1.1. Wet op Pensioenfondse, Wet 24 van 1956
 - 1.2. Inkomstebelastingwet, Wet 58 van 1962
 - 1.3. Maatskappywet, Wet 71 van 2008
 - 1.4. Wet op Outeursreg, Wet 98 van 1978
 - 1.5. Wet op Streeksdiensterade, Wet 109 van 1985
 - 1.6. Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, Wet 89 van 1991
 - 1.7. Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, Wet 85 van 1993
 - 1.8. Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, Wet 130 van 1993
 - 1.9. Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet 66 van 1995
 - 1.10. Wet op Basiese Diensvoorwaardes, Wet 55 van 1998
 - 1.11. Wet op Gelyke Indiensneming, Wet 55 van 1998
 - 1.12. Wet op Vaardigheidsontwikkeling, Wet 9 van 1999

¹⁴ Artikel 14(1)(b)(iv) van PAIA.

¹⁵ Artikel 14(1)(b)(v) van PAIA.

¹⁶ Artikel 51(1)(b)(iii) van PAIA.

1.13. Wet op Werkloosheidsversekering, Wet 63 van 2001

2. Hierdie lys is nie volledig nie.